## **Vyandige (misdadige) waarneming** [37] [38]

In die skaduagtige aktiwiteite van misdaad en terrorisme, is vyandige waarneming een van die minste verstaande faktore. Die doel van hierdie notas is om baie kortliks 'n paar faktore oor vyandige waarneming te verduidelik in die hoop dat dit meer sin sal maak.

Alhoewel die term waarneming oor die algemeen toegepas kan word op verskeie soorte aktiwiteite en elektroniese maatreëls, word hierdie afdeling gewy aan die HUMINT-tipe (human resource intelligence) fisiese monitering, wat gedefinieer kan word as: Die verskuilde waarneming van 'n teiken met die doel om inligting in te samel.  Hierdie kort sin is gelaai met die drie sleutel faktore van waarneming.

Die eerste twee faktore is verskuilde en fisiese waarneming – neem een van hierdie faktore uit, en jy het nie meer wat ons as vyandige waarneming beskou nie. As fisiese waarneming openlik gedoen word, wat die teiken (of enigiemand anders) gewillig toelaat, of as om dit gesien word, dan sal dit bloot fisiese waarneming wees.

As ‘n waarnemer hom/haarself op so ‘n wyse verberg dat hulle nie regtig die teiken se bewegings kan waarneem nie, dien dit geen doel nie.  Die feit dat waarneming en geheimsinnigheid kombineer word, is dit een van die redes waarom die identifisering daarvan so 'n uitdagende onderneming is.

Die derde faktor van waarneming is om inligting in te samel. Waarneming word nie uitgevoer vir die pret daarvan nie. Die doel van vyandige waarneming – die hele rede om dit te doen in die eerste plek – is om belangrike inligting in te samel wat nodig is vir die beplanning van 'n aanval.

Die eerste ding om te besef van vyandige of operasionele waarneming is dat die proses begin voordat enige direkte waarneming op die teiken plaasvind.

Die proses begin met 'n operatiewe verkenning van die gebied waar die teiken woon of werk ten einde 'n beter begrip van die algemene karakter en tempo van die gebied te verkry.

Dit is baie belangrik dat die waarnemer ten minste een goeie uitkykpos moet identifiseer.

'n Uitkykpos is 'n plek vanwaar die operasionele waarneming gedoen kan word. 'n Goeie uitkykpos is een wat die operatiewe waarnemer ‘n groot hoeveelheid visuele inligting sal gee, terwyl dit hom/haar toelaat om hierdie inligting in te samel.

Met inagneming van die hoeveelheid tyd wat by 'n uitkykpos bestee moet word, sal dit onverstandig wees vir 'n waarnemer om hom/haarself hals-oor-kop te posisioneer voordat die terrein en omgewing verken is.

Dus, as die waarnemer nie in pas is met die voorkoms en gedrag van die mense in daardie omgewing nie, sal hy/sy uit plek lyk en daarom maklik opgespoor word.

Die idee is nie om mense paranoïes te maak nie, maar eerder om hulle waaksaamheid op te skerp. Ek beweer ook nie dat alle vyandige waarneming op so 'n hoë vlak uitgevoer word nie, ek bepleit bloot dat ons, soos ons hoop op die beste, eerder moet voorberei vir die ergste, en dit is 'n goeie idee om 'n ding of twee oor die “ergste” te leer as ons ernstig daarvoor wil voorberei.

Sodra ons die feit aanvaar dat nie alle vyandige waarneming geïdentifiseer kan word deur bloot na verdagte individue te soek nie, ontstaan die vraag: “Wat daaraan gedoen kan word? Waarna soek ons?” Die enigste antwoord hierop is om waarlik waaksaam te wees en kennis te neem van wat om ons aan die gang is.

Wanneer ons oor terroriste of ander georganiseerde misdadigers praat, gebruik hulle 'n beplanningsproses wat hul sukses verseker. Wanneer jy aangeval word, het hulle reeds jou fisiese sekuriteit en roetines vasgestel.

Daar is 'n algemene volgorde van gebeure wat tydens waarneming plaasvind:

- Aanvallers kies 'n potensiële slagoffer en begin inligting insamel.
- Waarneming duur voort soos die aanval beplan word.
- Aanvallers ontplooi volgens die inligting wat ingesamel is.
- Waarneming word ook gebruik om jou aankoms / teenwoordigheid onmiddellik voor 'n aanval te bevestig.

Dit is belangrik om die waarnemers te laat besef dat hulle ‘n geveg op hulle hande gaan hê sou hulle voortgaan met ‘n aanval, byvoorbeeld moenie in die nag uitgaan as iemand buite roep nie. Dit klink dalk onverskillig, maar dit is makliker om ‘n skuur te vervang as jou lewe. Die meeste plaaswerkers het selfone. Bel eerder en hoor wat aangaan.

[37] https://protectioncircle.org/2013/08/09/a-very-brief-introduction-to-hostile-surveillance/

[38] https://www.torchstoneglobal.com/detecting-hostile-surveillance/